PERSVERKLARING

Alles-onder-een-dak Econobuild geopen

Die nuwe Econobuild-winkel – wat op Vrydag 30 Oktober deur NWK op Lichtenburg geopen is – is gerat om die nommer een verskaffer van boumateriaal en verwante huisverbeteringsprodukte in die Lichtenburg-omgewing te wees.

“Dié groter winkel skep die geleentheid om op ‘n beter inkopie-ervaring, groter produkreeks, asook ‘n beter winkeluitleg en produkaanbieding te fokus,” het André Terblanche (winkelbestuurder: Econobuild) tydens die opening gesê. Van die voorraad het by die vorige perseel in Nelson Mandelarylaan buite die winkel gestaan, maar by die nuwe, groter perseel word al die produkte onder een dak uitgestal.

“Econobuild bied nou ‘n wyer verskeidenheid produkte wat nie net vir die boukontrakteur ’n beter inkopie-ervaring sal gee nie, maar ook vir die breë publiek,” het Danie Marais (besturende direkteur: NWK) gesê. Die winkel, wat geleë is op die hoek van Buchannanstraat en Nelson Mandelarylaan, verkoop alles vanaf boumateriaal, tuingereedskap, huisbenodighede tot die pragtigste tuinstel vir jou patio, teen mededingende pryse.

Danie Marais (besturende direkteur: NWK) staan reg om die lint te knip tydens die opening van die nuwe Econobuild, terwyl André Terblanche (winkelbestuurder: Econobuild) gereedmaak om die sjampanjebottel oop te maak. Langs hom staan Dirk Lotter (direkteur: Handel) en Henk le Roux (bestuurder: Handel en Kunsmis). Heel links is Pieter Coetzer (bestuurder: Kleinhandel).

Econobuild se spesiale openingsaanbiedinge duur tot 14 November.

Uitgereik op 4 November 2009 te Lichtenburg